Department of
Education

GOVERNMENT OF
WESTERN AUSTRALIA

# Keuses vir Jaar 11 en 12

## Inligting vir ouers en versorgers

Studente sal dalk in universiteitstudie belangstel, 'n spesifieke loopbaan in gedagte hê wat verdere onderwys en opleiding sal behels, of van voorneme wees om die arbeidsmag te betree nadat hulle die skool verlaat het. Daar is 'n wye verskeidenheid opsies vir studente in Jaar 11 en 12 wat verskeie trajekte na universiteit, opleiding en werk bied.

### Kursus- en programopsies vir Jaar 11 en 12 studente.

| Opsie | Beskrywing |
|---|---|
| **ATAR-kursusse** | Australian Tertiary Admissions Rank (Australiese Tersiêre Toelatingsrang) (ATAR) kursusse het tipies 'n akademiese fokus. Studente wat 'n ATAR wil behaal, moet 'n minimum van vier Jaar 12 ATAR-kursusse voltooi. Alhoewel gewoonlik onderneem vir toegang tot universiteitstudies, is ATAR-kursusse ook uitstekende voorbereiding vir verskeie naskoolse paaie, insluitend beroepsopleiding. |
| **Algemene kursusse** | Hierdie kursusse is hoofsaaklik bedoel vir studente wat tipies daarna streef om verdere beroepsopleiding te betree of om die arbeidsmag te betree nadat hulle die skool verlaat het. Algemene kursusse het nie ekstern opgestelde eksamens soos ATAR-kursusse nie, maar hulle het 'n verpligte eksterne taak in Jaar 12 ter waarde van 15 persent van 'n student se algehele assessering. Studente mag moontlik sommige algemene kursusse as deel van 'n alternatiewe toegangspad tot sommige universiteitskursusse gebruik. |
| **Basiskursusse** | Ontwerp vir studente wat ondersteuning benodig om die minimum standaarde vir geletterdheid en/of gesyferdheid voor die einde van Jaar 12 te bereik. Hierdie kursusse bied 'n fokus op funksionele geletterdheid en syfervaardighede, praktiese werkverwante ervaring en die geleentheid om persoonlike vaardighede op te bou wat belangrik vir lewe en werk is.<br>Basiskursusse het nie eksamens nie, hulle het 'n verpligte ekstern opgestelde taak in Jaar 12 ter waarde van 15 persent van 'n student se skoolgebaseerde assessering vir die kursus. |
| **VET-kwalifikasies** | Studente voltooi 'n nasionaal erkende beroepsonderwys en opleiding (VET) kwalifikasie. VET bou vaardighede en kennis in en vir die werkplek. Studente kan VET-kwalifikasies gebruik om te tel vir die Wes-Australiese Onderwyssertifikaat (WACE). |
| **Onderskryfde programme** | Onderskryfde programme bied onderrig deur aktiwiteite wat nie deur WACE-kursusse of VET-programme gedek word nie. Onderskryfde |


CC BY
Exclusions may apply

| | |
|---|---|
| | programme is vir studente wat wil deelneem aan programme wat in 'n verskeidenheid omgewings deur skole, werkplekke, universiteite en gemeenskapsorganisasies aangebied word. Onderskryfde programme kan as deel van die skoolkurrikulum of as buitemuurse aktiwiteite gelewer word en studente kan dit gebruik om te tel vir die WACE. |
| **Voorbereidende kursusse** | Voorbereidende kursusse is ontwerp vir studente wat geïdentifiseer is met 'n leerprobleem en/of 'n intellektuele gestremdheid. Hierdie kursusse bied opsies aan vir studente wat nie toegang tot die ATAR, algemene of basiskursusinhoud met aanpassings- en/of gestremdheidsbepalings het nie.<br>Voorbereidende eenhede dra nie by tot die bereiking van 'n WACE nie. |


D22/0034038
9/02/2022
CC BY
Exclusions may apply